

Boodskap van die week

Aanpasbaarheid

Psalm 121 COvid-19 weergawe

Ek kyk op na die berg wat so stil-stil in my wêreld kom staan het. Die berg wat wegkruip in mense se groet & vat & mens-wees. Die berg wat vingermerke maak op winkelrollies & die rakke daar binne leeg koop. Die berg wat angs & paniek & onsekerheid in mense se harte gaan bêre. Die berg wat wagstaan voor die hospitaal & keer dat geliefdes by 'n hart-se-mens kan uitkom. Die berg wat 'n wêreld se ekonomie met een hand stop. Die berg wat skole se deure toemaak & lag-lag voor my kerk se hek gaan sit. Die berg wat bejaardes weerloos laat & hulle bang in hulle huise laat wegkruip. Die berg wat besighede sluit & gesinne sonder kos laat. Die berg wat paaie toemaak & 'n hele land se mense in hulle huise injaag. Ek kyk op na die berg wat so stil-stil in my wêreld kom staan het. Waar sal my hulp vandaan kom? Wie gaan my help om verby hierdie berg te kom?

My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.
My hulp is van Hom wat die son elke oggend wakker maak & vir die maan sê hoe laat hy moet gaan slaap. My hulp is van Hom wat vir die see 'n lyn in die sand trek, & vir die branders sê waar hulle mag breek. My hulp is van Hom wat die berge in die palm van Sy hand balanseer, van Hom wat vir die swaeltjie genoeg krag gee om te trek wanneer dit nodig is. My hulp is van Hom wat die klipspringetjie help om op die rotse te balanseer. My hulp is van Hom wat weet wat my naam is, wat my hart se bang & onsekerheid ken, wat weet waar ek bly & waar ek wegkruip. My hulp is van Hom wat die hemel & die aarde & vir my met soveel liefde & sorg gemaak het.

Dit is Hy wat die vliegtuie & die skepe stop, sodat die aarde weer kan asem skep. Dit is Hy wat horlosies se tyd laat stilstaan, sodat mense weer kan leer om te wees, & nie net om te doen nie. Dit is Hy wat mense een vir een onder een dak bymekaar maak, & hulle daaraan herinner dat hulle 'n gesin is. Dit is Hy wat die roetine & gejaag wegvat, & kinderlaggies om 'n bordspeletjie laat baljaar. Dit is Hy wat mense leer om mekaar weer in die oë te kyk & te gesels & uit die hart uit te gesels. Dit is Hy wat Sy kerk na mense se huise toe vat, sodat almal Sy woord kan hoor, nie net op 'n Sondag nie, maar elke dag. Dit is Hy wat die boodskap van hoop sag & stil van een huis na 'n ander oordra. Dit is Hy wat seker maak dat gesinne weer saam bid en Bybel lees. Dit is Hy wat die duisende slagoffers wat oorweldig word deur die berg, stil in Sy arms toevou & hulle verseker dat Hy hulle nooit sal los nie. Dit is Hy wat vir ons gesê het dat ons dit in hierdie wêreld nie altyd maklik sal hê nie. Dit is Hy wat belowe het dat Hy by ons sal wees; vandag, more & totdat ons vir altyd by Hom gaan bly.

Ek kyk op na die berg wat so stil-stil in my wêreld kom staan het. Wie gaan my help om verby hierdie berg te kom? My hulp is van die Here. Nou & vir altyd.

Amen.

Iets om oor te gesels...

1. Wat moes jy hierdie jaar opgee?
2. Hoe verander dit wat jy opgegee het jou ? of hoe het dit jou verander?
3. Waarna sien jy uit / waardeer jy opnuut; in jou nuwe manier van leef/ en hoe deel jy dit met ander? Wat Het jy van God geleer?

Probeer hierdie week deel met ander oor jou aanpasbaarheid, maar maak moeite dat jy Jesus se vormingsverhaal in jou lewe ook deel!

*Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...*

SUIDER-PAARL GEMEENTE